

Grondwet van die Vriende van Naln-Vereniging

1. NAAM

- 1.1 Die naam van Die Vereniging is: “Vriende van Naln- Vereniging”; hierna kortliks die “Vriende” of “Die Vereniging” genoem.
- 1.2 Die akroniem “Naln” staan vir: Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum; hierna kortliks “Die Museum” of “Naln” genoem.
- 1.3 Die term “Vriende” in hierdie naamverband moet onderskei word van gevalle waar daar in die omgang na skenkers, gebruikers of ondersteuners van Naln en ander goedgesindes informeel ook as “vriende” verwys sou kon word.

2. REGSPERSOONLIKHEID

- 2.1 Die Vereniging is ’n regs persoon en vereniging sonder winsbejag en is as sodanig die draer van regte en verpligtinge en bates en laste en beskik oor die bevoegdheid om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word.
- 2.2 Die Vereniging is ’n organisasie sonder winsoogmerk.
- 2.3 Geen een van die lede van Die Vereniging is aanspreeklik vir die laste of verpligtinge van Die Vereniging of geregtig op die bates of inkomste van Die Vereniging nie.
- 2.4 Die Vereniging is bevoeg om agente, konsultante, kontrakteurs of werknemers aan te stel en te besoldig ten einde sy doelstellings te verwesenlik.
- 2.5 Onderworpe aan magtiging vooraf deur die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig die Voorsitter van Die Vereniging en in sy afwesigheid die Ondervoorsitter of enige ander lid van die Bestuur daartoe gemagtig kragtens besluit van die Bestuur, Die Vereniging in alle regshandelinge van Die Vereniging.

3. KONTEKS: NALN AS STAATSINSTELLING

- 3.1 Naln is die enigste museum wat bestaan vir die allesinsluitende Afrikaanse woordkuns - letterkunde, musiek en toneel - in holistiese verband. As sodanig versamel, bewaar, dokumenteer, ontsluit, bestudeer en reflekteer dit museummatig en museumkundig ’n bepalende komponent van die Afrikaanse kultuurerfenis, wat op sy beurt weer ’n onwegdenkbare deel uitmaak van die gemeenskaplike Suid- en Suider-Afrikaanse literêre erfenis. Naln is dus enersyds ’n kosbare woord-kulturele kleinood vir die Afrikaanse gemeenskappe in Suid-Afrika en elders ter wêreld; en andersyds ’n kosbare gemeenskaplike nasionale bate en kulturele hulpbron vir Suid- en Suider-Afrika in die breë.
- 3.2 Naln is ’n museum wat in 1972 kragtens ’n Uitvoerende Komitee-besluit deur die destydse Provinsie Oranje-Vrystaat in die lewe geroep en op 24 Maart 1973 amptelik geopen is; en wat tans steeds deur die Provinsie Vrystaat bedryf en gefinansier word. Dit vorm ’n integrale deel van die provinsiale Departement Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning se Subdirektoraat Museumdiens.

- 3.3 Ofskoon 'n instelling wat binne 'n provinsiale regering tot stand gebring en tans nog bedryf word, is Naln van meet af aan as 'n nasionale instelling in visie, missie, mandaat en profiel gekonsipieer, gevestig en ontwikkel. Daarvan getuig nie net die naam nie, maar ook die feit dat, by die amptelike opening op 24 Maart 1973, die destydse minister van Nasionale Opvoeding die openingsrede gelewer het. Die toenmalige Administrateur van die Vrystaat het in 'n radiorede destyds kategoriees verklaar: "Dit is 'n nasionale onderneming wat deur die Vrystaat vir die volk van Suid-Afrika bedryf word."
- 3.4 By die vestiging van Naln is voorsiening gemaak vir 'n verteenwoordigende "Beheerraad van Naln", wat later omskep is tot 'n "Adviesraad van Naln" om die Provinsiale Sekretaris, die rekenpligtige beampte van die destydse Provinsiale Administrasie, in die bestuur van Naln by te staan. Hierdie adviesstruktuur het ongelukkig later uitgefaseer. Die ideaal sou wees dat dit in een of ander formaat herskep sou word.
- 3.5 Voorsorg moet getref word dat Die Vriende te alle tye in die gootste moontlik mate in simbiose met Naln en sy beheerdepartement funksioneer.

4. VERWANTSKAP MET DIE DORMANTE EERTYDSE VERENIGING "VRIENDE VAN NALN" EN MET "DIE STIGTING NALN"; EN BEOOGDE VERHOUDING MET LAASGENOEMDE

- 4.1 Saam met die vestiging van Naln as staatsinstelling het die behoefte destyds ontstaan aan 'n ondersteunersvereniging wat binne die burgerlike samelewing gesetel sou wees en die geleentheid kon bied dat individue en groepe met 'n passie vir Naln en sy werksaamhede hulle kundigheid, dienste en middele tot welsyn en voordeel van Naln as instelling beskikbaar kon stel.
- 4.2 Dit was die motivering van die totstandkoming van die "Vriende van Naln-vereniging". In die eerste direkteur van Naln se boek Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, Musiek en Toneel - sy ontstaan, stigting en vestiging (NALN, 1976) staan geboekstaaf (bl. 106): "Met die doel om belangstelling in die NALN en sy werksaamhede aan te wakker en te bestendig, is 'n organisasie 'Vriende van NALN' in die lewe geroep. Almal wat by hierdie vriendekring skriftelik aansoek doen, kan toegelaat word en maak 'n bydrae aan die Museumfonds: Stigting NALN."
- 4.3 Omtrent Stigting Naln word op bl. 107 toegelig: "'n Behoefte dat die publiek geleentheid moet gebied word om 'n bydrae te maak tot die instandhouding en uitbouing van NALN, het gelei tot die registrasie van die 'Stigting NALN'."
- 4.4 Die "Stigting Naln" is op 26 November 1973 op versoek van die Vrystaatse Administrateur kragtens 'n Notariële Akte van Stigting as 'n entiteit met eie regs persoonlikheid tot stand gebring.
- 4.5 Te danke aan 'n skenking aan Naln deur erfgename uit die nalatenskap van die digter A.D. Keet is die "A.D. Keet-publikasiefonds" op 17 Februarie 1975 op soortgelyke wyse as 'n afsonderlike entiteit met eie regs persoonlikheid tot stand gebring.
- 4.6 Met die fondse wat ná die NALN-geïnisieerde Vrystaatse Taalfees van 1975 oorgebly het is 'n beursfonds, die Oom Lokomotief-studiefonds,

tot stand gebring – nie as selfstandige regs persoon nie, maar wel as 'n gededikeerde fonds wat binne die fondse van die Stigting Naln bedryf is.

- 4.7 In 1992, te danke aan 'n nalatenskap uit die boedel van prof. Gerhard J. Beukes en sy eerste vrou, die skryfster Pattie Beukes, is die Gerhard J. Beukes-publikasiefonds geskep – ook slegs as gededikeerde fonds binne die fondse onder beheer van die Stigting Naln.
- 4.8 Aangesien die beheerliggame van al hierdie fondse ten nouste met die destydse Adviesraad van Naln geïntegreer was en dié Adviesraad dormant geraak het, word hierdie fondse tans kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur onder die voogdyskap van die rekenpligtige beampte van NALN se beheerdepartement geadministreer.
- 4.9 Ook die “Vriende van NALN” het teen die jare tagtig dormant geraak. Dit is egter nooit ontbind nie, en bestaan in beginsel steeds. In die lig van die voortgesette behoefte aan so 'n ondersteunersvereniging, gaan dit dus om 'n heraktivering en herkonstituering van die dormante struktuur binne die tydgenootlike konteks.
- 4.10 Daar word voorsien dat die geherkonstitueerde “Vriende van Naln” in onderhandeling met die beheerdepartement van Naln sal kan tree met die oog op die uiteindelijke oordra van die “Stigting Naln” en sy bates aan die “Vriende van Naln”-vereniging.

5. VERHOUDING MET NALN EN SY BEHEERDEPARTEMENT

- 5.1 Die Vriende erken, respekteer en ondersteun die feit dat die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (Naln) as museum 'n staatsinstelling is wat onder die beheer en bestuur van die Vrystaatse Provinsiale Regering se Departement Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning bedryf word.
- 5.2 Die Vriende hou egter rekening daarmee dat (staats)museums wêreldwyd gebuk gaan onder beperkte en/of krimpemde hulpbronne, kundigheid, kapasiteit en befondsing.
- 5.3 Binne hierdie gegewe gaan Die Vriende van die standpunt uit dat die voortbestaan, welsyn en beste belange van Die Museum ten beste gedien kan word binne 'n publiek-privaat vennootskap model, waar Naln se belangegemeenskap op 'n wedersydse honorerende en kontraktuele basis daadwerklik betrokke raak by die ondersteuning en uitbou van die staatsinstelling.
- 5.4 Binne perke van sy ledetal en menslike en finansiële kapasiteit stel Die Vriende hom hiertoe ten doel. Die mate waarin dit op 'n bepaalde tydstip realiseerbaar is, sal deur 'n outonome besluit(e) van Die Vriende bepaal moet word.
- 5.5 Vir die gesonde korporatiewe beheer en bestuur van Die Museum word die internasionaal-erkende beginsel van 'n verteenwoordigende beheerliggaam voorgestaan, soortgelyk aan die bestuursmodel wat kragtens die Wet op Kulturele Instellings (Wet 119 van 1998) van toepassing is op die verklaarde instellings wat onder die nasionale Departement Kuns en Kultuur ressorteer. Die Vriende verklaar hom ook bereid om as ondersteunersvereniging deur middel van 'n verteenwoordiger 'n bydrae tot so 'n beheerliggaam te lewer.
- 5.6 Om wedersydse goeie trou en samewerking tot 'n gemeenskaplike doel te formaliseer is Die Vriende bereid en begerig om 'n

memorandum van verstandhouding met Die Museum se beheerdepartement aan te gaan.

6. SETEL

Die setel van Die Vereniging is Bloemfontein.

7. VISIE

Die visie van Die Vereniging is: Die optimale museummatige bewaring en dokumentering van die omvattende Afrikaanse woordkuns – letterkunde, musiek en toneel – deur die potensiaal van Naln tot sy maksimum te ontsluit, te bevorder en te ondersteun.

8. MISSIE

Met die visie van Die Vereniging in gedagte, is die missie van Die Vereniging: Om die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (Naln) se permanente voortbestaan en beste belange op kort-, medium- en langtermyn te dien deur Die Museum in die uitvoering van sy stigtingsdoel en -oogmerke te ondersteun by wyse van, onder andere, belangstelling, kundigheid, dienste en middele.

9. DOELSTELLINGS

9.1 Ten opsigte van Naln as instelling en sy rol en taak as die ‘geheue’ van die Afrikaanse letterkunde, musiek en toneel:

9.1.1 Om Naln se welsyn en beste belange te alle tye te dien en te bevorder;

9.1.2 Om, in diens van Naln se nasionale en internasionale mandaat om die holistiese Afrikaanse woord-erfenis in letterkunde, musiek en toneel op plaaslike, nasionale en internasionale vlak museummatig en museumkundig te dien en te bevorder,

9.1.3 Die Museum se operasionele werksaamhede, aktiwiteite, programme en projekte deur middel van bywoning, en enige ander toepaslike vorm van betrokkenheid aktief, konstruktief en lojaal te ondersteun en te bevorder;

9.1.4 Hulpbronne en potensiële hulpbronne wat binne Naln se diverse belangepubliek en onderskeie kliëntegemeenskappe binne die burgerlike samelewing mag bestaan, te identifiseer, te mobiliseer en te koördineer, ten einde dit tot optimale voordeel van Die Museum en die verwesenliking van sy mandaat, visie en missie aan te wend; en

9.1.5 Rolspelers op die terrein van die Afrikaanse woord-erfenis, asook hulle erfgename en/of enige ander eienaars van bewarenswaardige museum- en argiefmateriaal in te lig en te bearbei om sulke materiaal as onvoorwaardelike skenkings vir permanente bewaring aan Naln aan te bied (finale beslissing in terme van Die Museum se heersende versamelbeleid sal steeds by Naln as instelling berus).

9.1.6 Om in noue oorleg en in koördinasie met Naln as instelling en sy beheerliggaam, projekte en programme te ontwikkel, uit te voer en te bedryf wat die kern-museuminfrastruktuur wat die Staat daarstel en bemagtig, sal ondersteun en sal aanvul.

- 9.1.7 Om, in simbiose met Naln as instelling, enige handeling te verrig en/of besigheid te bedryf wat nodig, haalbaar en uitvoerbaar is.
- 9.2 Ten opsigte van die Afrikaanse woord-erfenis in letterkunde, musiek en toneel, en die Afrikaanse kultuurerfenis in breër verband:
- 9.2.1 Om 'n belangstelling in, kennis van, 'n liefde en passie vir en die beoefening en uitbreiding van die Afrikaanse letterkunde, musiek en toneel te bevorder.
- 9.2.2 Om enige beraadslaginge en handeling tot dié doel te onderneem wat nodig gevind mag word, wat redelik en haalbaar is en waarvoor die nodige hulpbronne gevind en ontsluit kan word.
- 9.2.3 Om enige handeling te verrig en/of besigheid te bedryf wat hierdie oogmerke en die breë kultuuriens en kultuurbevordering ten opsigte van die Afrikaanse kultuurerfenis en verwante belange wat dit ten grondslag lê, sal ondersteun en bevorder.
- 9.3 Ten opsigte van die Vriende as organisasie:
- 9.3.1 Om Die Vereniging kerngesond te vestig en as lewenskragtige en volhoubare organisasie uit te bou.
- 9.3.2 Om 'n optimale aantal lede wat hulle met die doelstellings, waardes en etos van Die Vereniging vereenselwig te werf.
- 9.3.3 Om optimale effektiewe kommunikasie, insluitende mediadekking, na te streef.
- 9.3.4 Om die nodige befondsing en ander hulpbronne te mobiliseer om Die Vereniging se oogmerke te verwesenlik en 'n werkende kapitaal vir die toekoms op te bou.

10. LIDMAATSKAP

- 10.1 Die lede van Die Vereniging bestaan uit individue, skole, leeskringe en enige ander instansies of verenigings wat lede geword het weens goedgekeurde aansoeke om lidmaatskap.
- 10.2 'n Lid van Die Vereniging kan sy lidmaatskap van Die Vereniging beëindig deur skriftelike kennisgewing aan die Bestuur en 'n lid se lidmaatskap mag beëindig word deur die Bestuur in die geval van wanbetaling van die voorgeskrewe ledegeld.

11. AMPTELIKE TAAL

Die amptelike taal van Die Vereniging is Afrikaans, met dien verstande dat verrigtinge, notules en ander dokumente ook in Engels gevoer en opgestel of vertaal sal word wanneer dit nodig en doelmatig geag word ten einde Die Vereniging se doelstellings na te streef.

12. STRUKTURE VAN DIE VERENIGING

12.1 Algemene Jaarvergadering

- 12.1.1 Die Algemene Jaarvergadering is die hoogste beleidmakende liggaam van Die Vereniging.
- 12.1.2 Die Algemene Jaarvergadering word eenmaal per jaar gehou op 'n datum en plek wat deur die Bestuur bepaal word.
- 12.1.3 Die Algemene Jaarvergadering bestaan uit alle individuele lede en soveel afgevaardigdes per skool, leeskring, ander

instansie en vereniging as wat deur die Algemene Vergadering van tyd tot tyd bepaal mag word.

- 12.1.4 Elke stemgeregtigde moet in besit wees van 'n geloofsbrief uitgemaak deur die instansie wat hy of sy verteenwoordig.
- 12.1.5 Geen volmagstemme sal toegelaat word nie.
- 12.1.6 Indien lede elders in die land en in die buiteland betekenisvol toeneem, kan tegnologie ingespan word om verteenwoordigende deelname te verseker.
- 12.1.7 Met 'n staking van stemme sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê.
- 12.1.8 Die Algemene Jaarvergadering:
 - 12.1.8.1 Oorweeg en aanvaar die Voorsitter se jaarverslag;
 - 12.1.8.2 Oorweeg en aanvaar Die Vereniging se finansiële jaarverslag;
 - 12.1.8.3 Verkies die Bestuur van Die Vereniging, bestaande uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Penningmeester en twee addisionele lede (die kurator van Naln is ampshalwe 'n lid van die Bestuur);
 - 12.1.8.4 Wys onafhanklike ouditeure aan om die finansiële sake van Die Vereniging te audit;
 - 12.1.8.5 Bepaal die beleid van Die Vereniging.

12.2 Bestuur

- 12.2.1 Die uitvoerende gesag, kontrole en verantwoordelikheid van Die Vereniging berus by die Bestuur.
- 12.2.2 Die Bestuur bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Penningmeester, die kurator/hoof van Naln (ampshalwe) en twee addisionele lede, wat tydens die Algemene Jaarvergadering deur die Algemene Jaarvergadering verkies word.
- 12.2.3 Die Bestuur belê een gewone vergadering in elke kwartaal van die jaar op 'n tyd en plek deur die Voorsitter bepaal.
- 12.2.4 Die Voorsitter mag in sy/haar uitsluitlike diskresie 'n buitengewone vergadering van die Bestuur belê, en is verplig om sodanige vergadering te belê op die skriftelike versoek van ten minste drie lede van die Bestuur, ten einde te besin en besluite te neem aangaande enige belangrike dringende saak.
- 12.2.5 Die Bestuur sal die prosedure bepaal wat sal geld by sy vergaderings sowel as die vergaderings van die Uitvoerende Komitee en enige ander komitees.
- 12.2.6 Vier lede van die Bestuur vorm 'n kworum by die vergadering van die Bestuur.
- 12.2.7 Die ampstermyn van die lede van die Bestuur is een jaar en elkeen van die lede is herkiesbaar.
- 12.2.8 Die Bestuur is geregtig om lede te koop teer volgens sy behoeftes; met dien verstande dat geen gekoopteerde lid enige stemreg sal hê by enige vergadering van die Bestuur nie.
- 12.2.9 Die Bestuur handel alle dringende sake namens die Algemene Jaarvergadering af wanneer die Algemene Jaarvergadering nie in sitting is nie en rapporteer daarvoor aan die Algemene Jaarvergadering.

12.3 Uitvoerende Komitee

- 12.3.1 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Penningmeester en die kurator van NALN.
- 12.3.2 Die vergaderings van die Uitvoerende Komitee word deur die Voorsitter belê op sodanige tyd en plek as wat deur hom/haar bepaal word.
- 12.3.3 Die Uitvoerende Komitee gee aandag aan die uitvoering van besluite van die Algemene Jaarvergadering en die Bestuur en die daaglikse bestuur van Die Vereniging en alle dringende sake en rapporteer aan die Bestuur daaroor.
- 12.3.4 Alle optredes en besluite van die Uitvoerende Komitee moet op die eersvolgende vergadering van die Bestuur vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê word.
- 12.3.5 Die Uitvoerende Komitee is geregtig om lede te koöpteer volgens sy behoeftes; met dien verstande dat geen gekoöpteerde lid enige stemreg sal hê by enige vergadering van die Uitvoerende komitee nie.

12.4 Komitees

- 12.4.1 Die Bestuur en die Uitvoerende Komitee mag komitees aanstel om hulle behulpsaam te wees in die uitvoering van hul pligte.
- 12.4.2 Die voorsitter van elke komitee moet 'n lid van die Bestuur wees, indien dit 'n komitee van die Bestuur is en 'n lid van die Uitvoerende Komitee, indien dit 'n komitee van die Uitvoerende Komitee is.
- 12.4.3 Enige persoon mag deur die Bestuur as lid van 'n komitee aangestel word.

12.5 Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Penningmeester

- 12.5.1 Die Voorsitter tree as voorsitter op by alle vergaderings van Die Vereniging en die Bestuur en hy sal slegs oor 'n beslissende stem by sodanige vergaderings beskik.
- 12.5.2 In die afwesigheid van die Voorsitter tree die Ondervoorsitter as voorsitter op en in sy afwesigheid wys die Bestuur of Algemene Jaarvergadering by meerderheidsbesluit 'n waarnemende Voorsitter aan.
- 12.5.3 Die Voorsitter verrig alle take en verantwoordelikhede wat kragtens hierdie Grondwet of deur die Bestuur aan hom opgedra word, en in sy afwesigheid sal die Ondervoorsitter en, in afwesigheid van die Ondervoorsitter, 'n lid van die Bestuur vir daardie doel deur die Bestuur aangewys, sodanige take en verantwoordelikhede verrig.
- 12.5.4 Indien die Voorsitter sy amp sou ontruim voor die verstryking van sy termyn, wys die Bestuur by meerderheidsbesluit een van sy lede aan wat die amp sal beklee tot verstryking van die betrokke termyn.
- 12.5.5 Dit is die taak van die Sekretaris om notule te hou van die besluite van elke vergadering van Die Vereniging en om te verseker dat sakelyste vir die vergaderings ten minste veertien dae voor die tyd aan lede voorsien word.
- 12.5.6 Die Bestuur is geregtig om die Sekretaris vir sy/haar dienste te vergoed.

- 12.5.7 Die Sekretaris verrig alle funksies deur die Bestuur aan hom/haar opgedra.
- 12.5.8 Die Penningmeester is verantwoordelik vir die hou van finansiële rekords in ooreenstemming met die voorskrifte van hierdie Grondwet.

13. LEDEGELD

Die ledegeld van Die Vereniging word jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering op aanbeveling van die Bestuur vasgestel en sal betaalbaar wees op datums bepaal deur die Bestuur.

14. FINANSIES, BATES EN LASTE EN REGTE EN VERPLIGTINGE

- 14.1 Die finansiële jaar van Die Vereniging strek van 1 Januarie tot 31 Desember.
- 14.2 Rekords sal gehou word van al Die Vereniging se inkomste en uitgawe, bates en laste ooreenkomstig erkende rekeningkundige praktyk.
- 14.3 Die Bestuur handelende deur die Voorsitter is geregtig:
- 14.3.1 om in naam van die Die Vereniging eiendom (hetsy roerend of onroerend) te bekom of te vervreem of op enige ander wettige wyse daarmee te handel;
- 14.3.2 om in naam van die Die Vereniging rekeninge te open, fondse te belê of te onttrek;
- 14.3.3 om in naam van die Die Vereniging lenings aan te gaan of roerende of onroerende eiendom as sekuriteit vir lenings te verbind.
- 14.4 'n Finansiële verslag moet jaarliks deur die Uitvoerende Komitee opgestel en aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word vir goedkeuring.
- 14.5 Die Bestuur is geregtig om toelaes, salarisse of vergoeding te betaal vir enige doeleindes wat na sy oordeel nodig is om te verseker dat Die Vereniging na behore funksioneer of sy doelstellings na behore bevorder.
- 14.6 Geen fondse van Die Vereniging sal aan enige lid of ander persoon uitgekeer word nie, behalwe in die loop van die beoefening van die openbare weldaadsaktiwiteite van Die Vereniging soos beliggaam in die bogemelde doelstellings.
- 14.7 Die fondse van Die Vereniging sal slegs aangewend word vir die oogmerke waarvoor Die Vereniging ingestel is, of sal belê word by 'n finansiële instelling.
- 14.8 Die Vereniging sal geen besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit bedryf nie, tensy spesifiek toegelaat ingevolge artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelasting-wet, 1962 (Wet 58 van 1962).

15. OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

Dit word in die vooruitsig gestel dat Die Vereniging by die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens aansoek sal doen om registrasie as Openbare Weldaadsorganisasie, asook om vrystelling van die betaling van inkomstebelasting.

16. WYSIGING

Enige bepaling van hierdie Grondwet mag by 'n vergadering van die Algemene Jaarvergadering gewysig word onderworpe aan die volgende, naamlik:

- 16.1 dat die lede van Die Vereniging kennis gegee is van sodanige voorgenome wysiging minstens veertien dae voor die Algemene Jaarvergadering waartydens die wysiging oorweeg sal word, tensy die Algemene Jaarvergadering eenparig 'n korter kennisgewingtydperk goedkeur by sodanige vergadering; en
- 16.2 dat twee-derdes van die stemgeregtigde verteenwoordigers teenwoordig by sodanige Algemene Jaarvergadering ten gunste van sodanige wysiging stem.

17. ONTBINDING

- 17.1 Die Vereniging ontbind wanneer twee-derdes van die stemgeregtigde verteenwoordigers by 'n gewone of buitengewone vergadering van die Algemene Jaarvergadering ten gunste van sodanige ontbinding stem, mits minstens veertien dae vooraf skriftelik kennis gegee is van 'n voorstel dat Die Vereniging ontbind.
- 17.2 By ontbinding van Die Vereniging sal sy bates gelikwedeer word deur 'n likwidateur aangewys deur die vergadering waarby die besluit tot ontbinding geneem is. By gebreke aan die aanwysing van sodanige likwidateur, sal die Hoof van die Vrystaatse Departement Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning geregtig wees om 'n likwidateur aan te wys.
- 17.3 Die opbrengs van die likwidasie sal in die volgende voorkeurorde aangewend word:
- 17.3.1 Die koste van die likwidasie;
- 17.3.2 Alle krediteure van Die Vereniging;
- 17.3.3 Alle bedrae betaalbaar aan die personeel van Die Vereniging;
- 17.3.4 Die balans, indien enige, sal oorgedra word aan 'n soortgelyke organisasie (aangewys deur die vergadering waartydens die besluit tot ontbinding geneem word en by gebreke aan sodanige besluit, aangewys deur die Hoof van die Vrystaatse Departement Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning), waarvan die missie en doelstellings wesenlik dieselfde is as dié van Die Vereniging.

Hierdie Grondwet is goedgekeur tydens die herkonstitueringsvergadering van Die Vereniging te Bloemfontein op 14 Maart 2015